# 11 Julie - LEA

**Lees: Genesis 29**
**Fokusgedeelte: Genesis 29:31, 35**

Dit is eie aan ons mense om soms so verstrengel te raak in ons daaglikse lewensmoeilikheid dat ons dinge wat met ons gebeur as onoorkombare struikelblokke sien.

Ons sien nie raak hoe God in sy almag hierdie gebeure tot ons as gelowiges se beswil bestuur nie. Maar tog is dit baie belangrik dat ons dit doen. God herinner ons gedurig daaraan dat Hy getrou is, en ons nie aan ons omstandighede oorlaat nie. Inteendeel, Hy skenk aan ons die beste moontlike uitkoms. In die Skrif is daar baie voorbeelde hiervan, maar kom ons fokus vandag veral op een, die voorbeeld van Lea.

Jakob was 'n man wat moeilike situasies geken het. Tog lyk dit in Genesis 29 of hy uiteindelik ware geluk gevind het. Hy is veilig by sy oom Laban, by wie hy skuil van sy broer Esau. Die Here het ook pas sy verbondsbeloftes aan hom herbevestig. Boonop kan hy in ruil vir sewe jaar se arbeid met Ragel trou, vir wie hy waarlik liefgehad het.

Maar dan kom die struikelblok: Laban bedrieg hom deur Lea aan hom as vrou te gee. Lea word vir Jakob 'n groot probleem, en veroorsaak dat hy nog sewe jaar vir Ragel moet werk. Om hierdie rede het hy Lea glad nie lief nie, en bestee hy al sy aandag aan Ragel.

God gryp egter in, en maak van Lea juis 'n sëen vir Jakob. Pleks daarvan om 'n struikelblok te wees, sorg sy dat hy ses seuns het. Hierdie seuns word almal later stamvaders van Israel. In haar vervul God sy verbondsbeloftes aan Jakob. Meer nog: een van die seuns wat sy in die wêreld bring, is Juda, vader van die stam waaruit Jesus Christus gebore sou word.

God bind Jakob en Lea op 'n besondere wyse saam: hulle is die aardse stamouers van ons Verlosser!

God sien wanneer ons struikelblokke ervaar. Hy laat dit egter nie toe om ons lewens tot niet te maak nie. Nee, ons as gelowiges kan struikelblokke tegemoetkom in die geloof dat God dit omvorm tot groot seën.

*Sing: Psalm 91:1, 2 (1936-beryming)* *Teol. Student Hannes Lee*